

9 April

Skrifgedeelte: Lukas 23:13-31
Fokusgedeelte: Lukas 23:27-31

God se oordeel oor mense buite Christus is vreeslik

Daar was openlike meelewing met die Here Jesus op pad na die kruis. Die vrouens het gehuil oor Jesus se lot. Het hulle net die kruis gesien? Kon hulle ook dink wat dit moes inhou om God se oordeel, wat oor ons moes kom, alleen te dra?

Die Here Jesus was bewus van hulle tranes. Ook vir Hom was dit wat voorlê nie 'n ligte saak nie. Toe Hy by Getsemane daarvoor geworstel het, het sy sweet soos bloeddruppels geword (Lukas 22:44).

Nou dink ons Here aan God se oordeel wat kom. Ja, die tydelike oordeel oor Jerusalem sou kom terwyl baie van die wat treur, nog lewe. Die oordeel sou só verskriklik wees dat vrouens sonder kinders gelukkig geag sou word.

Daarom vra die Here: *“As hulle dit met die groen hout doen, wat sal dan met die droë hout gebeur?”* (vers 31). Christus verpersoonlik die ware regverdige. Hy is soos 'n boom by waterstrome (Psalm 1). As God se oordeel oor die groen hout (dit is die regverdige Christus) só in felheid kom, hoeveel te meer sal dit die droë hout (mense los van Christus) tref?. Nat hout brand moeilik, maar droë hout word vinnig deur vuur verteer!

Wat van jou? Is jy deel van die groen hout, Christus, of staan jy los van Hom as droë hout?

Sing: Skrifberyming 7:5

Ds PA Odendaal (Evander)